

Oerwoudvalk Nr. 2
die
SEEKAT
A. P. du PLESSIS

# DIE SEEKAT

*deur*

**A. P. DU PLESSIS**

*Uitgegee deur:*

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews Strand

2019

# Die Seekat

Voorbladskets is die oorspronklike voorblad van 1959 en geredigeer deur Marney van Ginkel.
Tweede uitgawe (aangepaste weergawe).

Kopiereg op hierdie verhaal is voorbehou en dit mag nie in die geheel of gedeeltelik herdruk word of versprei word sonder die nodige skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Herdruk sluit in geen vorm van elektroniese of meganiese vorm, bv. deur middel van e-boeke, fotokopiëring, skryf, bandopname of deur enige ander manier vir inligtingsbewaring of ontsluiting. Al die karakters en gebeure in hierdie verhaal is denkbeeldig en het geen betrekking op enige persone, lewendig of dood nie.

Die Seekat
deur A.P. du Plessis

ISBN: 978-1-928498-41-4

Uitgegee deur:
Skatkis-Uitgewers, Strand Mews, Strand 7140
Suid-Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2019)

Aanlyn winkel: https://sqrindle.com/category/fiction-and-literature
Webwerf: https://www.softcoverbooks.co.za

# OPSOMMING

Hierdie verhaal is die tweede in die Oerwoudvalk reeks. Ons het in die vorige boek reeds kennis gemaak met die Oerwoudvalk of ook beter bekend as die Valk. Met net 'n pyl en boog, jagmes en lendekleed van luiperdvel, swerf hy deur die oerwoude van die Kongo en beleef die een interessante avontuur na die ander.

In hierdie verhaal begelei die Oerwouvalk die vyf Suid Afrikaners terug na Suid Afrika, na hul ontsnapping uit die Goudstad van Skeba. Op pad terug sien hulle twee straalvegvliegtuie wat op mekaar skiet. Die een vliegtuig word gou neergeskiet, maar die loods spring betyds uit met 'n valskerm. Toe hulle hom ontdek is hy reeds sterwend. Hy vertel hulle onder andere van Seekatmanne en 'n moeras vol wilde diere. Kort daarna sterf hy en hulle ontdek toe 'n dagboek by hom, wat die sleutel hou tot sy geheim. Die veiligheidspolisie roep eindelik die hulp van die Valk in om ondersoek te gaan instel. Met die hulp van 'n pigmeë stam gaan soek hy na die nes van die Seekat-organisasie.

Op pad kry die Valk onder meer te doen met water olifante, krokodille wat hom aanval, vampier vlermuise en 'n aardbewing. Hy kry ook die skok van sy lewe as hy ontdek dat iemand baie na aan hom in doodsgevaar verkeer. Lees gerus die verhaal om te sien of die Valk die geheim van die Seekat gaan oplos.

## UITTREKSEL

En nou kom die donker gedaantes van alkante nader gesweef. Dofweg kan hy die spits oortjies sien, die groot blinde oë en die geniepsige klein tandjies. Die Valk probeer haastig padgee, maar die klein duiwels van die skemerwoud laat hulle nie maklik afskud nie. Een pyl reg op die Valk se borskas af, maar hy klap hom weg dat die gedrog hom katswink teen ’n boomstam val. Twee, drie, sak op sy nek, sy bors en sy bene toe. Die jagmes glinster in die skemer. Twee vlermuise val bloeiend van hom weg en tuimel met ’n hoorbare geraas na benede. Die derde vermorsel hy met sy hande. Sy hele lyf is egter nou rooi van die bloed en dit lyk asof die bloedreuk die hele oerwoud se vlermuise nou wakker gemaak het. Meer en meer van hulle kan hy in die skemer nader gevlieg sien kom.

# INHOUD

**HOOFSTUK**

1. Die Seekat

2. Nagtelike Aanvalle

3. Die Groen Dood

4. Die Tamboere Dreun

5. Die Klein Mannetjies

6. Moeras Van Die Dood

7. Die Vesting

8. Balababa praat

# 2. DIE SEEKAT

## Hoofstuk 1
## DIE SEEKAT

SOOS ’n besetene snel die Oerwoudvalk, kragtige koning van die digte Kongo-woud in Sentraal-Afrika, deur die hoogste boomtakke. Onder hom skeur vlugtende wildsbokke, roofdiere en selfs grootwild paniekerig deur die digte plantegroei. Hoog bokant, soos ’n silwer spikkel teen die blou hemel, kom die soepel straalvegter weer nader gedreun.

Enkele oomblikke later knetter die staalkoeëls van onder sy gepunte vlerke op die oerwoud neer. Die hoogste boomtakke buig onder die windstorm wat hy veroorsaak, as hy sy sierlike lyf rakelings oor hulle verby laat swiep. Oomblikke daarna slaan ’n hoë fluitgeluid op die oerwoud neer. Leeus brul benoud. Olifante trompetter van vrees en bars ’n pad deur die struikgewasse, terwyl hul swaar pote die aarde letterlik laat tril.

Dertig voet ver sweef die Valk se kragtige liggaam deur die lug, voordat sy vingers die volgende liana sekuur raakvat. ’n Trop vlugtende maanhaarape skuur by hom verby en lawaai asof hul laaste dag aangebreek het. Voëls fladder verskrik tussen die takke deur. Sommige vlug tussen die rankasies uit, die blou lug in.

Myle verder is die ratse straalvegter besig om die hoogte in te pyl en sy neus stadig om te draai, om nog ’n slag verwoesting oor die oerwoud te kom saai.

Die Valk het so skielik op die rooi valskerm, wat aan die hoogste boomtakke vasgehaak het, afgekom, dat hy byna sy ewewig verloor toe hy in sy spore op ’n tak vas steek. Sy deurdringende blou oë neem die toneel voor hom vlugtig in.

Enkele, dunner takke, lê skeef soos hulle geskeur het, nadat die vlieënier aan die valskerm hulle getref het.

Haastig swaai die Valk na waar 'n man lewensloos tussen die takke voor hom hang. Sy dik vlieguitrusting is geskeur en bevlek met bloed. Sy suurstofapparaat is skoon van sy rug af geskeur.

Die vlymskerp jagmes van die Oerwoudman glim in die sonstrale wat hier deur die breë blare tregter. Koorsagtig werk die Valk en sny die nylonbande wat die lewenslose man aan die valskerm vasboei, deur. Sy ore is tot die uiterste gespits, soos hy probeer vasstel waar daardie doodsaaiende straalvegter nou is.

Hy gryp die man aan sy kraag vas, as die laaste nylonband los glip. Haastig gooi hy die slap liggaam oor 'n breë, bruingebrande skouer en klouter na laer takke af.

Op daardie oomblik spat die eerste staalkoeëls deur die takke, skeur breë blare in flarde, skram huilend van ystertaaie stamme weg, boor met dowwe klapgeluide, duime diep in die oeroue bome en fluit oor die Valk se hoof. Dan swiep die kragtige straalvegter laag oor die woud, gevolg deur 'n hoë fluitgeluid en sidderende boomtoppe.

Onder en om hom vlug, skel en sketter groot en kleinwild opnuut, terwyl die doodsvrees hulle skoon beserk maak. Ape vlug verward, stamp mekaar van takke en klimop ranke weg en storm verby die Valk sodat hy die rooi van hul kele en die vlymskerp slagtande kan sien.

Versigtig lê die Kongo-koning die man op 'n breë tak neer. Met brute krag skeur hy die man se klere van sy bolyf af en luister na sy hart. Hy sug verlig as hy die ligte hartklop hoor. Die man bloei egter kwaai waar een staalkoeël deur sy bors en 'n ander deur sy een been geskeur het.

Die Valk besef dat die man voor hom dit nie lank sonder mediese behandeling sal maak nie. Sy oë dwaal na die blou van die lug wat in snippers tussen die ruie blaredak deur sigbaar is. Maar nou is alles stil. Ver en dof kan hy nog die hoë fluitgeluid van die straalvegter hoor.

Hy pluk 'n breë blaar van tak langs hom, slaan 'n groot, vet spinnekop skoon uit sy spinnerak, frommel die klewerige drade bymekaar en druk dit in die bloeiende wonde van die bewustelose vreemdeling. Daarna plaas hy die blaar oor die wond in die man se bors en bind dit met 'n stuk dun rankplant vas. Hy doen dieselfde met sy been, swaai die man oor sy skouer en gly met 'n knoestige rankplant na die klam bros grond, tagtig voet laer.

Haastig, met gelykmatige bewegings om die vreemde vlieër so min ongerief moontlik aan te doen, begin die Valk al slingerend tussen die digte struikgewasse in die rigting van die wagtende Suid-Afrikaners vleg.

Sy magtige borskas dein liggies op en neer en die soepele spiere rol kragtig onder sy koperbruin vel.

Hoog bokant hoor hy nog steeds die straalvegter beweeg.

Vrae groei in sy gedagtes. Vreemde vrae waarvoor hy tans geen antwoorde kan vind nie. Wie is hierdie man op sy skouer? Waarom is sy vliegtuig neergeskiet en deur wie?

'n Digte bamboesbos versper sy weg en noop die Valk om sy rigting te verander.

In die hardloop dink hy aan die vyftal Suid-Afrikaners en hul inboorlingdraers, wat hy uit die kloue van die fanatieke Basan in die Vallei van Skeba gered het. *(lees Goudstad van Skeba)* Hy was besig om hulle terug na die beskawing te begelei, toe hulle die twee vegtende vliegtuie hoog bokant die oerwoud gewaar. Die een is neergeskiet, maar sy vlieër het

met ’n valskerm uitgespring.
Hierdie vlieër hang nou slap en lewensloos oor die Valk se breë skouer.
Die kreupelhout begin geleidelik yler word en ’n kwartier later bereik die Valk die plek waar die geselskap Afrikaners en hul bevreesde inboorlingdraers op hom wag.
Die straaljagter, wat nog ’n paar keer laag oor die woud verby gesnel het, is nou slegs ’n stippeltjie in ’n noordoostelike rigting.
Lena Landman, beeldskone dogter van Prof. Karel Landman, Kurt Venter, Volkekunde-student en Dr. Braam Kruger, eggenote van Dr. Daleen Kruger, merk die Valk met sy beweginglose vrag eerste.
“Deon!” roep Lena verlig uit as sy die Valk sien, en snel na hom toe, gevolg deur Kurt en Dr. Kruger. Agter hulle kom Daleen en Prof. Landman met sy yl bokbaardjie orent, waar hulle op die sagte gras gesit het.
Die inboorlinge protesteer luidkeels van skrik en hul oë tol wild in die swart oogkaste.
“Wat... wat het gebeur? Is hy... dood?” hyg Lena uitasem, as sy voor die Valk tot stilstand kom en hom bekommerd aanstaar.
“Hy is net bewusteloos. Twee wonde. Hy het baie bloed verloor,” sê die Valk saaklik.
“Laat ek sien.” Dr. Kruger, die geneesheer, tree vorentoe. Versigtig lê die Valk die slap liggaam neer. Die vreemdeling se ooglede is toe, sy gesig wasbleek en sy asemhaling moeisaam.
Daleen en Prof. Landman het ook nou bygekom. Hul oë is groot en vol vrae. Dr. Kruger kyk op van waar hy die vreemdeling se pols pas gevoel het.

“My tassie, gou Daleen,” beveel hy sy vrou. Sy draf dadelik na waar hul groot pakke voorrade lê.

“Kurt, sê die draers moet jou help met die opsteek van ’n vuur. Maak water warm. Dit is doodsake.” Dr. Kruger buk oor die wonde. Vinnig kyk hy na die Valk.

“Jou werk?” Hy beduie na die blare oor die wonde. Die Valk knik. Met geoefende vingers woel hy die klimop plant los en trek die blare af.

Hy skud sy kop as hy die spinnerak uit die wonde trek. “Julle oerwoudmense darem! Moet sê dit het die bloed gestop...”

“Hier, ou man,” Daleen oorhandig die medisynetassie aan Dr. Kruger. Hy knip die tassie oop, soek ’n botteltjie spuitgoed uit, ontsmet die dun naald van die spuit asook die gewonde se arm en druk die versterkmiddel in sy are in.

Hierop gelas hy die Valk om die bewustelose na die koelte te dra. Eenkant sukkel Kurt om die hout aan die brand te kry.

Prof. Landman stap stadig agterna, na die koelteplek waar die Valk die vreemdeling neerlê. Hy trek gedurig aan sy bokbaardjie en mompel onverstaanbare dinge teenoor homself. Lena bly naby die Valk, tevrede dat hy niks oorgekom het nie.

Intussen het die Valk in die sakke van die vreemdeling begin snuffel. Behalwe ’n klompie Belgiese geldnote, twee briewe, ’n kaart van die Belgiese Kongo en ’n klein dagboekie, is daar niks nie.

Die twee briewe lewer niks op nie. Dit is blykbaar deur die man se vrou geskryf en is in Vlaams. Nêrens noem sy sy naam nie. Die dagboekie wek egter gou die Valk se nuuskierigheid. Dit is vol aantekeninge, altans, so vermoed hy, maar hoe hy ook al kyk, hy kan geen kop of stert daarvan wys word nie.

"Blykbaar 'n soort kodeskrif," sê Lena wat oor die hurkende Valk se skouer na die inhoud van die boekie kyk.
"Lyk so. Ek het 'n spesmaas dat die inhoud hiervan hierdie hele geheimsinnigheid sal kan opklaar..." Die Valk sug en kom orent.
Hy kyk na Dr. Kruger, wat met behulp van sy vrou, met die gewonde werk, en vra. "Sal hy dit maak?"
Dr. Kruger skud sy kop. "Niks is onmoontlik nie, maar ek twyfel. Die man is ook inwendig beseer." Die Valk dink aan die gebreekte takke waar die man deur die hoogste takke geval het, voordat die valskerm vasgehaak en hom tussen hemel en aarde laat swaai het.
"As hy net sy bewussyn 'n paar minute kan herwin, sodat ons hom kan uitvra. Hier is iets leliks in die oerwoud aan die gang en ek brand van nuuskierigheid om te weet wat dit is," sê hy.
Terwyl die groepie 'n rukkie later in die skadu om die gewonde sit, word hul aandag eensklaps deur 'n inboorling getrek, wat hard uitroep en met sy arm in die rigting beduie vanwaar die Valk so pas terug gekeer het. Dik, donker wolke dryf stadig oor die woud en tregter geleidelik die lug in.
"Wat is dit, Deon?" roep Lena bekommerd uit, terwyl sy vlak naas die lenige Valk kom staan.
"Rook," sê hy. "Die oerwoud is natuurlik deur daardie brandende vliegtuig aan die brand gesteek."
"Sal ons... sal die vlamme nie hierheen kom nie?" Daar is vrees in Daleen se stem.
Die Valk toets die wind en kyk dan na die lug waar haelwit wolke begin saampak. Dan skud hy sy kop.
"Ek twyfel. Hierdie wind waai skuins verby ons en sal die vlamme suid van ons verby dryf. Boonop dink ek die

vliegtuig het anderkant die rivier neergestort."
Hy beduie na die lug. "Die vlamme het net twee uur tyd voor dit reën."
Prof. Landman kyk hom vertwyfeld aan.
"Hoe weet jy dit?"
Die Valk se sterk, wit tande skitter en Lena voel lus om sy aantreklike gesig in haar hande te koester. Sy wonder opeens of hierdie wilde man met sy beskaafde maniere wat homself "Oerwoudvalk" noem, sy hele lewe in hierdie woesteny wil slyt. Sy weier summier om hom op sy "barbaarse" naam te noem en verkies Deon, wat dan ook sy regte naam is, soos hy hulle in die Vallei van Skeba meegedeel het. Deon Rossouw, het hy gesê, seun van 'n Afrikaanse sendeling, wat sy lewe in diens van sy sendingtaak onder die Matongas, inboorlingstam van die Belgiese Kongo, opgeoffer het. Intussen het die Valk hom tot Prof. Landman gewend en hy beantwoord nou sy vraag. "As die voël sy nes begin bou, weet ons dat nuwe lewe naby is. Net so weet ek ook dat die reën baie naby is."
Prof. Landman mompel iets onverstaanbaar, sny 'n stukkie pruimtwak af en keer na 'n koelteplek terug.
Alle belangstelling in die brandende oerwoud vervaag as Dr. Kruger opeens uitroep dat die gewonde vlieër begin bykom. Die Valk kniel langs die gewonde, kyk na sy koorsige lippe, die strome sweet wat langs sy bleek gelaat afvloei, die haelwit verband om sy bolyf.
Die man steun, roer liggies en steun weer.
"Hy is koorsig," sê Dr. Kruger. "As hy begin praat, sal hy waarskynlik yl. Ek glo nie hy sal dit langer as vanaand maak nie..."
Die man se ooglede flikker pynlik oop, maar sluit weer dadelik. Sy lippe tril, beweeg effens.

"Nee... nee..." stotter dit oor sy lippe. Opeens beur hy regop en gil onsamehangend. Dr. Kruger druk hom saggies terug. Onder sy hande veg die man. Woorde stroom oor sy lippe. Vlaamse woorde.

"Vlamme... nee... die Seekat... ek moet sterf... sterf..."

Hy swyg 'n oomblik, sy oë wydgesper, rooi. Sweet blink aan sy gesig.

"Letitia... hulle het my," bars hy dan weer los. "Die Seekat... pasop vir... hom. Vlamme. Hulle beplan moord... moord... verraad... die Kremlin." Hy begin hoes. Bloed vorm op sy lippe, loop in 'n fyn stroompie skuins oor sy ken.

Lena gil saggies en gryp die Valk aan sy arm. Prof. Landman het ook nader geskuifel, vat aan sy kinbaardjie en mompel. "Stomme man."

Dan mompel die vreemdeling weer onverstaanbaar. Moerasse. Wilde diere. Moord. Dit maak geen sin nie.

Dr. Kruger jaag hom 'n versterkmiddel in. 'n Rukkie later bedaar die sterwende man effens. Sy asemhaling, nog hortend, is nietemin rustiger. Sy bloedbelope oë rus 'n oomblik op die Valk, op Dr. Kruger, Lena en die ander.

"Wie... wie is julle? My vliegtuig. Hulle het op my geskiet..."

Dr. Kruger troos. "Vriende. Ons is vriende."

"Vriende? Vriende sê jy... nie... nie van die Seekat nie?"

Sy asemhaling word al moeiliker. Swakkies soek hy na sy sak. "Hier... in my sak... boekie... gee vir kolonel Fleerackers... Leopoldstad."

Sy kop knak. Sy lippe vorm "Letitia." Sy ooglede val toe. Hy is dood...

----------

Die lang, gespierde reus met blonde hare, lendekleed van

luiperdvel, jagmes aan die sy en lenige boog oor sy bolyf, rig sy arm waarskuwend op. Agter hom drom die Suid-Afrikaners en hul draers saam. ’n Week agter hulle lê die Vlaamse man onder ’n oerwoudreus begrawe. Hy het enkele ure, nadat sy straalvliegtuig deur ’n ander oor die Kongo-woud neergeskiet is, weens bloedverlies en uitputting beswyk.

Die Oerwoudvalk staan op die rand van ’n opening. Voor hom is dit die ene bedrywigheid. Swart krygers met glimmende bolywe en spiese in die hande, staan in ’n kring om die tweetal blankes wat vergeefs probeer om hulle verstaanbaar te maak.

Agter hulle is ’n ruwe houthut en nog verder na agter, die kerkie van hout.

’n Wêreld van herinneringe sak op die Valk toe. Hier... hier het sy vader en moeder, sendelinge van die N.G. Kerk uit verre Suid-Afrika, hul werk met getrouheid en toewyding verrig.

En daar, eenkant, weg van die mense in die oopte, is die graf waar sy vader en moeder begrawe lê, nadat hulle aan giftige paddastoele beswyk het. Mpingo, of Goeie Hart, soos die Matonga sy vader genoem het...

“Wat is dit, Deon? Wie is hierdie mense?” Lena kom staan vlak naas die lenige Oerwoudman. Die Valk skrik uit sy mymeringe op.

“O hulle?” Hy beduie met sy hand na waar die inboorlinge opgewonde onder mekaar babbel. “Dit is die Matonga.” Sy stem klink trots. “Onder hulle het my ouers gewerk. Daar... sien jy daar eenkant? Dit is my ouers se graf.”

Prof. Landman staan nuuskierig nader. “Ou Rassie...” Hy dink terug aan hul studente jare, aan ou Rassie Rossouw, sy

groot studente vriend, wat die beskawing verlaat het om hier sy goeie werk te kom doen, hier in die wildernis, waar die dood om elke hoek skuil...

"Maar Deon, sal hulle nie daardie witmense vermoor nie?" Dr. Daleen Kruger se stem klink besorg.

Die Valk glimlag. "Nie die Matonga nie. Hulle is Christene."

Op daardie oomblik merk die gryse ou Matonga die Oerwoudvalk, waar hy, omring van blankes en inboorlinge, nog steeds op die rand van die oerwoud staan. Sy dowwe oë kyk, hy vryf hulle en kyk weer. Dan gil hy. "Die seun van Mpingo! Groot koning van die Matonga!"

Sy ou bene slaan in 'n drafstappie oor. Agter hom volg Bongaba, grootste van die Matonga-hoofde, met spies in die hand, ander hoofde, hul lyfwag en heel agter, die twee blankes in kakie-uniform, een met 'n geweer oor die skouer, die ander met 'n rewolwer in die skede aan sy sy.

Voor die Valk val ou Toto, getroue huisbediende van sy oorlede ouers en ouderling van die sendingkerk, op sy knieë neer en soen hierdie groot seun van Mpingo, wie hy liefhet. Agter hom gaan Bongaba en die ander hoofde staan, buig diep, en groet hul wit koning met opgehewe handpalms. Die blanke vreemdelinge het gaan staan en slaan die skouspel verstom gade.

Die Valk beveel Toto in die Matonga-dialek om op te staan. Hy groet die Matonga op hul name, beveel hulle om 'n bok te gaan skiet en 'n groot vuur aan te steek, en wend hom dan na die vreemdelinge. Die Suid-Afrikaners staan ook nader.

"Welkom vreemdelinge, in die land van die Matonga," groet die Valk.

Die twee man, met 'n militêre houding, staan nader. Hulle

skud hande terwyl hulle hulself as sersant Simon Popma en manskap Jean le Grand, van die Belgiese Veiligheidspolisie in die Kongo, voorstel.
Die gesprek word in Afrikaans en Vlaams gevoer, en albei partye vind dit so maklik om mekaar te verstaan.
"En wat soek julle in die land van die Matonga?" wil die Valk weet.
Sersant Popma skuif sy slaprandhoed na agter, vee die sweet met 'n klam sakdoek van sy voorkop af, en sê. "Ons soek na die Oerwoudvalk. Ons het gehoor hy is 'n wilde barbaar wat onder die inboorlinge leef. Moet sê, ons het gou van mening verander toe ons u sien..."
Lena giggel hier agter die Valk, Daleen glimlag en Prof. Landman trek al weer aan sy kinbaardjie, terwyl hy mompel. "Barbaar? Barbaar sê hy..."
Die Valk se sterk, wit tande skitter in die middaglig. "Miskien is ek 'n barbaar, sersant. Maar soms dink ek dat dit beter is om 'n barbaar genoem te word, as 'n beskaafde. Sersant Popma se kop beweeg 'n paar keer op en af. "U weet, u het iets daar beet... Maar ons het u kom soek oor belangriker sake. Die Belgiese Veiligheids-polisie hier in die Kongo het u hulp nodig. Moet sê," hy glimlag skeef, "dringend nodig."
Die Valk is dadelik die ene belangstelling.
"Ons het met 'n vliegboot geland, hier anderkant. Hier het ons 'n klompie Matonga aangetref, wat dadelik die ander geroep het toe hul ons sien, maar dit terloops. Wat ek eintlik wou sê, is dit. Hier in die digte Kongo-woud iewers, gaan bose dinge aan. Ons vermoed dit is Russies geïnspireer..."
"Sou dit die vliegtuie verklaar?" wonder Dr. Braam Kruger eenkant.

"Die wat?" Sersant Popma is die ene belangstelling. Die Valk vertel kortliks van hul ondervinding, die geveg tussen die twee vliegtuie en die vreemde vlieënier wat Vlaams gepraat het.
Hy haal die boekie in kodeskrif uit die sakkie aan die binnekant van sy lendekleed, waar hy die Byltjie, 'n geskenk van sy ouers, bêre.
"Dit het ons by hom gevind en ook hierdie briewe en geld."
Sersant Popma se opgewondenheid neem merkbaar toe. "Verbasend! Ek bedoel, verbasend dat dit nou juis so moes gebeur dat u op hom moes afkom." Hy blaai deur die boekie. "Dit is die eiendom van luitenant Pierre France, van die Veiligheidspolisie... sonder twyfel! Die man wat al ses maande lank vermis word, nadat hy na die binneland vertrek het om hierdie saak te ondersoek."
"Hy het gepraat van Letitia... gesê ons moet die boekie aan kolonel Fleerackers in Leopoldstad oorhandig." Lena se effense sproetneusie kreukel as sy beurtelings na die Valk en die twee mans voor hom kyk.
"Letitia? Dit is sy vrou." Sersant Popma wend hom na Le Grand. "Bêre die op 'n veilige plek."
Breedvoerig vertel hy daarna waarom hy die Valk se hulp namens die Belgiese Veiligheidspolisie kom inroep het. "Ons het sterk bewyse dat daar iewers in die digte Kongo-woud bose planne teen die Belgiese regering gesmee word. Ons sien dit in die houding van die inboorlinge wat vir ons werk. Dit blyk uit die herhaalde opstootjies in Leopoldstad, Stanleyville en ander Kongo-dorpe. Onlangs was daar bloedvergieting in Brazzaville, in Frans-Ekwatoriaal-Afrika en regoor Leopoldstad, oorkant die Kongo. In Njassaland was daar onlangs amper grootskaalse oorlog. Selfs in Suid-

Afrika, waar u vandaan kom," hy beduie na die Suid-Afrikaners, "word moeilikheid met die nie-blankes ondervind."

"En dit word alles van buite geïnspireer. Ons weet van die geroep na die afwerping van die kettings, die vrymaking van Afrika, wat van die Accra-konferensie in Ghana uitgegaan het. As dit maar al was. As die Kremlin hom net nie met die saak ingelaat het nie, soos ons inligting beweer..."

"U sien," vervolg sersant Popma, nadat hy weer die sweet van sy gesig afgevee het. "Mens kan die strewe om onafhanklikheid van die nie-blankes in 'n mate begryp, as dit natuurlik en vir hul eie beswil is. Dit skyn egter asof die Hamer en Sekel agter die opsweping is, asof die Kremlin stelselmatig onder die inboorlinge met 'n haatveldtog teen al wat blank en Westerling is, besig is. Dit skyn ook asof hulle bygestaan word deur 'n aantal naturelle leiers, wat spesiaal in Rusland en van sy satellietlande opgelei is en daar met giftige propaganda oormeester is. Dit skyn selfs asof hier, in die hart van Afrika, inboorlinge en inboorlingleiers opgelei word in die gebruik van die allermodernste krygstuig, soos blyk uit gewere en ammunisie, waarop ons in die jongste tyd beslag gelê het..."

'n Kraai se kras stem sweef deur die middag stilte.

"En nou vra ons u hulp, meneer die Oerwoudvalk, om ons te help om daardie geheime opleidingsplek op te spoor. Ons het verneem dat daar in die Kongo nie nog iemand soos u is, wat die boswêreld ken nie..."

Die Valk knik begrypend sy kop. "Weet u miskien iets van die Seekat?"

Manskap le Grand ruk behoorlik soos hy skrik. Sy donker oë rus onseker op die Valk. Verbeel hy hom, of het daar 'n

glimpsie vrees vir ’n oomblik in die Belg se oë gekruip. Sersant Popma skud sy kop effens verbaas. Die Valk herhaal die sterwende luitenant France se yling oor die sogenaamde Seekat.

“Tensy... tensy dit... maar dit kan nie wees nie!” Weer vee hy die sweet van sy voorkop af. “Die Russe het ’n organisasie, wêreldwyd, die gevreesde... onmoontlik! Nie hier nie.” Twyfel en ’n ligte vrees is in sersant Popma se oë..... Hy kyk die Valk waterpas in die oë.

“As dit is wat ek dink, sal u baie fyn moet trap, want sien. Die Seekat is die naam van een van die mees gevreesde Russies spioenasie- en sabotasie organisasies...”